
## Ouers Wens Geluk



*DIE AFRIKAANSE SKRYWER Etienne Leroux word deur sy ouers, oud-minister en mev. S. P. le Roux, gelukgewens nadat die Hertzog-prys Saterdag in Pretoria aan hom oorhandig is. Leroux het die prys vir sy boek Sewe Dae by die Silbersteins gekry. Langs hom staan sy vrou, René, 'n kunsskilder.*

### ‚Leroux Ontbloot Verval'

# SILBERSTEINS GEROEM AS SANERING VIR SUID-AFRIKA

**MET Sewe Dae by die Silbersteins, die Hertzog-pryswenner vir prosa, lê die Afrikaanse letterkunde op duidelike en kunstig bevredigende wyse die gevaar van die Kommunisme bloot. Die boek is 'n sanerende aanklag teen alle uitspattigheid en perversiteit, alle magte wat die goeie orde bedreig, waardes omverwerp en die menslike gelyk vernietig. Só het prof. A. P. Grové, sameroeper van die keurkomitee wat Etienne Leroux se boek Sewe Dae by die Silbersteins met die Hertzog-prys vir prosa bekroon het, Saterdagoggend gesê in sy huldigingswoord aan die skrywer.**

**Die veelbesproke werk is Saterdag op die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns met die Hertzog-prys bekroon.**

Prof. Grové het gesê die bekroning van Sewe Dae by die Silbersteins beteken nie noodwendig die erkenning van 'n bepaalde letterkundige rigting of stroming nie. 'n Goeie boek, net soos 'n goeie kunstenaar, moet in sy eie reg beoordeel word. Die bekroning beteken, heeltemal in ooreenstemming met die skenkingsakte, die erkenning van 'n bepaalde boek wat om sy literêre gehalte in enige taal 'n diep indruk sou maak en wat juis in dié tyd van gelykskakeling, van weke gevoelsgodsdiens en van gesagondermyning bestem is om 'n erinstige waarskuwing uit te spreek en 'n sterk positiewe boodskap te bring.

In die 50 jaar van die bestaan van die Hertzog-prys is daar dikwels heftige debatte oor die bekronings gevoer. Selde of nooit is daar 'n bekroning gemaak wat die seën van alle literatore het nie.

Dit is egter opvallend dat daar allerweë in letterkundige kringe erken word dat Sewe Dae by die Silbersteins 'n besondere kunswerk is. Dit is 'n boek wat ver uitstaan bokant die Afrikaanse romanproduksie van die afgelope twintigtal jare. Dit is 'n boek wat 'n nuwe baan breek, en met die erkenning van so 'n boek bewys die Akademie dat hy nie net nabetragtings hou nie, maar dat hy bereid is om 'n nuwe ontwikkeling betyds te erken.

SA: ALGEMEEN

Sewe Dae by die Silbersteins vertel die verhaal van 'n jong man wat in opdrag van sy ouers 'n week by die Silbersteins deurbring, 'n ryk Joodse familie wat woon op 'n Ou-Kaapse landgoed, Welgevonden. Die doel van die besoek is om kennis te maak met Salome, die jong meisie met wie hy bestem is om in die huwelik te tree.

Hierdie Welgevonden is nie die idilliese boereplaas van weleer nie; dis 'n fantasties gemoderniseerde landgoed waarin die geld en die sedes van mnr. Silberstein 'n magtige woord spreek.

Saam met Henry word ons deur hierdie fassinerende wêreld van die Silberstein-landgoed gevoer.

Ons merk die volmaakte megaa[illegible] ontmoet die [illegible] figure, word getuies van die mees bisarre voorvalle. Aand vir aand is daar 'n fantastiese fees waarin telkens 'n nuwe groep na vore kom: rykes, boere, kunstenaars, geestelikes. Op hierdie wyse word telkens 'n ander faset van die maatskappy teen die lig gehou, met die gevolg dat die Silbersteins se landgoed gaandeweg 'n mikro-kosmos word, 'n felgetekende klein wêreldjie, waarin die onskuldige paradyskind, Henry, sy weg moet gaan op soek na geluk.

## BO[illegible] ONTMASKER

Prof. Grové het gesê Sewe Dae by die Silbersteins is nuut, onthutsend en vir bale mense blykbaar ontoeganklik. En tog sluit hy in belangrike opsigte aan by 'n ou tradisie van die Afrikaanse taal, by die Sewe Duiwels van Jan Lion-Cachet. Die skrywer openbaar satiries die sondes, die bose magte wat besig is om die land, die beskawing en die goeie orde te ondermyn. Die skrywer toon aan hoe ou waardes kragteloos gemaak word deur kunstenaars wat stry teen norme, joernaliste wat stry teen die waarheid en idealiste wat stry teen kleurblindheid. Die kunstenaar kan sy oë nie sluit vir die afbrekende magte nie. Hy moet hulle in hul bose opset leer ken en ontmasker.

Met hierdie boek lê die letterkunde dus op duidelike en artistiek bevredigende wyse die gevaar van die Kommunisme bloot. En dit nie alleen nie: Die boek is 'n sanerende aanklag teen alle uitspattigheid en perversiteit, alle magte wat die goeie orde bedreig, waardes omverwerp en die menslike geluk vernietig, want terwyl die dwase feeste hulle loop neem, word die skole en kerke afgebrand.

Die wonder lê daarin dat die skrywer dit alles bereik nie met sedeprekies nie, maar met onverbiddelike beelding. Miskien lê hierin een van die besware wat sommige welmenende mense teen die boek inbring. Met Cachet se duiwels kon daar maklik afgereken word. Hulle was kenbaar en die skrwer het hulle moraliserend ontmasker en vernietig. Leroux se duiwels is sluwer; hulle skuil ná aan die lig en laat hulle nie altyd so maklik identifiseer nie. Daarom is hulle so magtig. Henry word aangetas, want wie gaan ongeskonde deur hierdie wêreld? Die moontlikheid bestaan selfs dat Henry tragies kan ondergaan en soos sy naamgenoot mandragora kan word. Die bose is nou eenmaal 'n magtige faktor in hierdie wêreld.

„Sewe Dae by die Silbersteins is 'n diepsinnige en sterk roman wat 'n belangrike boodskap het vir ons tyd. Ons is trots daarop dat so 'n werk kon verskyn in ons taal en dankbaar dat dit juis op hierdie tydstip kon gebeur," het prof. Grové gesê.

Prof. H. M. van der Westhuizen het die erepenning vir die skilderkuns aan die skilder Walter Battiss oorhandig; prof. S. P. E. Boshoff het die huldigingswoord gelewer vir die toekenning van die erepenning vir die Afrikaanse taal en letterkunde aan prof. dr. G. S. Nienaber; prof. A. L. Meiring vir die toekenning van die erepenning vir die argitektuur aan prof. G. E. Pearse; prof. A. J. L. van Rooyen vir die toekenning van die Havenga-prys vir die natuurwetenskappe en tegniek, afdeling geneeskunde, aan prof. dr. O. S. Heyns; prof. dr. C. K. Oberholzer vir die toekenning van die Stals-prys vir die geesteswetenskappe aan prof. dr. H. G. Stoker; dr. J. N. van Niekerk vir die Havenga-prys vir die natuurwetenskappe en tegniek, afdeling wis- en natuurkunde, aan dr. A. Strassheim; prof. dr. P. J. Nienaber vir die Scheepers-prys vir jeuglektuur aan G. J. Joubert; dr. F. J. de Villiers vir die Frans du Toit-prys vir bedryfsekonomiese prestasie aan dr. H. J. van Eck; prof. F. C. L. Bosman vir die Eugène Marais-aanmoedigingsprys aan Elsa Joubert en Dolf van Niekerk en prof. H. M. van der Westhuizen vir die toekenning van die erepenning vir die beeldhoukuns aan Lippi Lipschitz.